higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N4

12 NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Waar
1.3 Onwaar
1.4 Waar
1.5 Waar
1.6 Waar
1.7 Onwaar
1.8 Waar
1.9 Onwaar
1.10 Waar
1.11 Waar
1.12 Waar
1.13 Waar
1.14 Onwaar
1.15 Waar

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 2

2.1 B
2.2 N
2.3 A
2.4 C
2.5 O
2.6 D
2.7 M
2.8 L
2.9 K
2.10 J
2.11 I
2.12 H
2.13 G
2.14 F
2.15 E

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 3

3.1
- ’n Vervaardiger kombineer die rolle van ’n regisseur en vervaardiger in die filmbedryf.
- Hy/Sy is verantwoordelik om die kreatiewe produk in ’n tasbare formaat (’n opname) te omskep
- wat beteken hy/sy is verantwoordelik om die maksimum nut uit die kreatiewe proses te put om die geselekteerde liedjies op te spoor,
- oor reëlings te besluit
- soos om ateljees te bespreek, musikante te huur, binne die begroting te bly, vakbondverslae te liasseer, ensovoorts.

3.2
- ’n Voorskot word feitlik altyd as ’n terugbetaling van tantieme gedefinieer
- ongeag of die voorskot deur die platemaatskappy aan ’n kunstenaar,
- ’n uitgewer aan ’n skrywer of ’n handelaar aan ’n kunstenaar betaal word.
- ’n Voorskot word ook soms ’n minimum waarborg genoem.
- Voorskotte in die musiekbedryf verdien rente en is nie lenings nie.

3.3
- In die verlede het platemaatskappye gewoonlik die vervaardigers gehuur.
- Dit is gedoen toe een vervaardiger nog ’n hele album gedoen het.
- Namate dit praktyk geword het om vier, vyf of meer vervaardigers per album te hê,
- het die maatskappye besef dat hulle in-huis-prokueurs
- soveel tyd aan die onderhandeling van vervaardigerooreenkomste bestee het dat dit besig was om hulle stelsels lam te lê.

3.4
- In ’n ooreenkoms waarin alles ingesluit is, is die kunstenaar verantwoordelik vir die vervaardiger se tantieme ongeag wie ook al met hom of haar ’n kontrak sluit.
- Dit is ’n baie ernstiger vraagstuk as wat dit op die oog af blyk te wees.
- Die vervaardiger kan geregtig wees op tantieme voordat die kunstenaar volgens sy/haar ooreenkoms met die platemaatskappy vergoed word.
- Dit beteken die kunstenaar kan die vervaardiger geld skuld op ’n tydstip wanneer die platemaatskappy die kunstenaar niks skuld nie.
- Dit beteken dat die kunstenaar ’n tjek vir die vervaardiger uit sy/haar eie sak moet skryf.

(4 × 10) **[40]**

TOTAAL AFDELING A: 100

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Persoonlike bestuurder
4.2 Meesterlisensies
4.3 Voorskotte
4.4 Albums wat regstreeks opgeneem word
4.5 Gewaarborgde- vrystellingsklousule
4.6 Beheerkomposisie (‘Control composition’)
4.7 Groothandel-verspreidingsentiteite
4.8 Een-stop-punte (‘One-stops’)
4.9 Lisensiehouer
4.10 Oorsese tantieme (‘Foreign royalties’)
4.11 Hoofterreine (‘Major territories’)
4.12 Meesterlisensies
4.13 Koppeling en samestellings (‘Coupling and compilations’)
4.14 Grootste-treffers-album
4.15 Gesamentlike opname (‘Joint recording’)

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 5

5.1 Jy is ’n sakeonderneming:✓✓ Al is jou vaardighede kreatief van aard, kan jy ’n multimillioen inkomste per jaar genereer. Daarom moet jy aan jouself as ’n sakeonderneming dink.✓✓
Die meeste kunstenaars hou nie daarvan om ’n sakeonderneming te bedryf nie:✓✓ Dit beteken nie jy is nie goed daarmee nie. Party kunstenaars is ongelooflik slim met besigheid.✓✓
Sukses bedek ’n menigte sondes: Dit is waar in enige sakeonderneming, van die maak van ‘widgets’ tot die maak van opnames. Indien jy suksesvol is, kan jy wegkom met swak sakebesluite wat jou bankrot kan maak indien besigheid sleg is.✓✓

5.2 Die persoonlike bestuurder is die enkel belangrikste persoon✓✓ in jou professionele loopbaan.✓✓ ’n Goeie persoonlike bestuurder kan jou loopbaan tot sy volle potensiaal uitbou en ’n swak een kan veroorsaak dat jy in die vergetelheid verdwyn.✓✓ Wanneer die taak behoorlik uitgevoer word,✓✓ is ’n persoonlike bestuurder die algemene bestuurder en hoof-bedryfsbeampte van jou sakeonderneming.✓✓

5.3 ’n Agentskap is verantwoordelik om uitvoerings te reël,✓✓ insluitende konserte, optredes, toere, asook radio-✓✓ en televisie-optredes vir kunstenaars, ‘bands’,✓✓ platejoggies, kore, orkeste en ander musiekensembles.✓✓ Hulle is verantwoordelik om die musikante of kunstenaars se loopbane ten opsigte van hulle uitvoerings te ontwikkel.✓✓

5.4 Bestuurders verdien gewoonlik van 15% tot 20% van jou verdienste✓✓ met die meerderheid wat 15% verdien.✓✓ Hierdie persentasies word normaalweg✓✓ op jou bruto inkomste bereken✓✓ voordat enige uitgawes afgetrek word.✓✓

5.5 ’n Skemerklousule beteken die bestuurder verdien steeds ’n kommissie nadat ’n ooreenkoms verval het✓✓ op geld wat die kunstenaar steeds verdien✓✓ uit ooreenkomste wat die kunstenaar tydens die duur van die bestuursooreenkoms verdien het,✓✓ maar teen ’n verminderde koers van dit wat die kommissiepersentasie✓✓ tydens die duur van die bestuursooreenkoms was.✓✓

(5 × 10) **[50]**

VRAAG 6

6.1 Prokureurs help hulle kliënte om regsooreenkomste te verstaan✓✓ en verseker sodoende dat die bepalings in hulle kliënte se belang is.✓✓ Hulle werk saam met plategroepe,✓✓ platevervaardigers, liedjieskrywers, musiekuitgewers,✓✓ uitvoerende amptenare van platemaatskappye, musiekvervaardigers en komponiste.✓✓

6.2 Die prokureur ervaar konflik van belange wanneer sy/haar kliënte in ’n situasie beland waarin hulle belange benadeel word.✓✓ Dit is maklik om agter te kom;✓✓ byvoorbeeld wanneer twee kliënte✓✓ van dieselfde prokureur mekaar wil dagvaar.✓✓ Prokureurs word eties verplig om jou van hulle botsings van belange in kennis te stel.✓✓

6.3 Agente nader promoters oor vertonings,✓✓ ondehandel kontrakte vir uitvoering en verseker dat die ratte van ’n konserttoer✓✓ of self ’n enkele vertoning glad verloop.✓✓ Jou agent sal seker maak dat die promoters hieroor ingelig word.✓✓ Musiekagente, ook bekend as besprekingsagente of talentagente, laat regstreekse musiekuitvoerings plaasvind.✓✓

6.4 ’n Musieksakebestuurder is iemand wat platekunstenaars en musikante✓✓ met die reklame,✓✓ bemarking, sake en finansiële sy van sake bystaan.✓✓ Hy/Sy sal kontrakonderhandelinge bestuur en hanteer,✓✓ kunstenaars van raad dien oor hoe hulle hul geld kundig moet belê, en uitstaande fooie en tantieme verhaal.✓✓

6.5 Die musiekbedryf bestaan uit die maatskappye en individue wat geld verdien deur nuwe liedjies en opnames, uitvoerings en vertonings te skep,✓✓ oudio- en videoopnames,✓✓ komposisies en bladmusiek te verkoop, en die organisasies en verenigings wat die skeppers van musiek bystaan en verteenwoordig.✓✓ Onder die talle individue en organisasies wat in die bedryf werk, is liedjieskrywers en komponiste wat nuwe liedjies en musiekstukke skryf, die sangers, musikante, dirigente en orkesleiers wat die musiek uitvoer,✓✓ en die maatskappye en professionele persone wat musiekopnames en/of bladmusiek skep en verkoop.✓✓

6.6 Die rol wat produkbestuur in die musiekbedryf vervul, is om ✓✓ bemarkingsveldtogte✓✓ te help skep en implementeer ✓✓ om musiekverkope van ’n spesifieke platemaatskappy, kunstenaar, aanlyn musiekdiens,✓✓ radiostasie of ander musiekproduk te maksimaliseer.✓✓

6.7 Regs- en sakeaangeleenthede behels ’n mengsel daarvan om die meeste verantwoordelikheid vir sekere aangeleenthede te aanvaar✓✓en met die senior uitvoerende beampte van regs- en sakebelange oor ander vraagstukke saam te werk.✓✓ Die rol vereis ’n vermenging van tegniese regsvaardighede/ -kennis,✓✓ begrip van sakevereistes en goeie kommersiële bewustheid.✓✓ Dit behels ook noue samewerking met ander departemente.✓✓

6.8 Die oorspronklike opname✓✓ wat in die ateljee gemaak word, staan bekend as ’n meester,✓✓ omdat dit die meester is waarvan alle kopieë gemaak word.✓✓ Meesteropnames word deesdae meestal op rekenaarhardeskywe gemaak,✓✓ met bande wat iets van die verlede geword het.✓✓

6.9 Die verdeling van inkomste tussen die kunstenaar en die platemaatskappy✓✓ is effens meer ingewikkeld as die ‘puppy’ ooreenkoms (‘puppy agreement’).✓✓ Onder die tradisionele opnameooreenkoms wissel opnamekunstenaars se tantieme gewoonlik van 10% tot 25%✓✓ van die voorgestelde verkoopprys vir die beste albums (hoewel talle platemaatskappye begin het✓✓ om tantieme op die groothandelprys te bereken).✓✓

6.10 ’n Voorskot is die betaling wat vir ’n kunstenaar, liedjieskrywer✓✓ of vervaardiger in voorskot van tantieme wat in die toekoms verdien sal word, gegee word✓✓ en terugbetaal word deur die tantieme wat nog verdien moet word, op te weeg teen die geld wat voorgeskiet is. Voorskotte is gewoonlik nie terugbetaalbaar nie.✓✓ Vergoeding is die terugbetaling van voorskotte, opnamekoste✓✓ en ander uitgawes deur ’n kunstenaar aan ’n platemaatskappy uit die kunstenaar se tantieme.✓✓

(10 × 10) **[100]**

VRAAG 7

7.1 opnames
7.2 sleutelpersoon(klousule)
7.3 dubbel kommissie (‘double commission’)
7.4 volmag
7.5 baie gesag/invloed
7.6 botsing van belange
7.7 kruis-borgskap
7.8 fondse
7.9 formule
7.10 Voorskotte

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 200
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou